KOM HUISTOE-NUUSBRIEF

Nommer 40 - Junie 2007

Liewe Lesers

Hoop dit gaan goed met almal!

Soos gebruiklik, begin ons met die noodsaaklike herhalings ... Hierdie is die gratis nuusbrief van die Kom Huistoe-Veldtog van AfriForum vir alle Suid-Afrikaners wat na Suid-Afrika wil terugkeer, reeds terug is of besig is om terug te keer. Om op die nuusbrief in of uit te teken, kommentaar te lewer of 'n bydrae te stuur, kontak ons by **alana@afriforum.co.za**. Merk die e-pos "**INTEKEN**", "**UITTEKEN**" of met die onderwerp van julle keuse. Die nuusbrief verskyn maandeliks in beide Afrikaans en Engels en nuwe intekenaars is altyd welkom. Onthou ook dat ons die medewerkers en adverteerders wel deeglik keur, maar geen waarborge vir hulle dienste kan voorsien nie en nie vir hulle aksies verantwoordelik gehou kan word nie. Lewer asseblief ook kommentaar op hulle dienslewering.

En nou vir die nuus ...

VOORSTEL

Leslee, voorheen van die VSA, nou in Johannesburg, vra: *Is there any interest in a support group for foreign spouses of South Africans living in South Africa? If there is, then let me know. I will be happy to help with the organization of such a group!*

Die aanpassing in Suid-Afrika kan ingrypend wees en dit sal seker lekker wees om met iemand te praat wat die anpassingsproses soos jy beleef. Enige idees hieroor? Laat weet ons by **alana@afriforum.co.za** asseblief.

HULPNAVRAAG

Scott Calvert van die Johannesburgse kantoor van die *Baltimore Sun* soek nou na 'n Suid-Afrikaanse gesin met tieners wat hulle onlangs in die VSA gevestig het. Hy skryf 'n artikel oor Suid-Afrikaanse emigrasie en wil graag met so 'n gesin oor hulle wedervaringe gesels.

Scott kan direk gekontak word by **scottmcalvert@gmail.com**, tel 0027-72-1375735 of 0027-11-8806529.

OMSKAKELING VAN BUITELANDSE BESTUURDERSLISENSIES

Sukkel julle tans om 'n Suid-Afrikaanse lisensie te bekom? Ons hoor graag van julle, want dit lyk of dit 'n groot probleem word en ons wil graag voorbeelde van die probleme kry om die saak met die Departement van vervoer te bespreek. Laat weet ons asseblief so gou as

moontlik by **alana@afriforum.co.za**. Ons sal terugvoer gee oor hoe 'n mens dit moet doen sodra ons seker van die feite is.

AFRIKAANSE LEESSTOF

VELLETJIES is die naam van `n elektroniese nuusbrief wat uit slegs twee A4-velletjies bestaan, en elke vyftiende dag gestuur word. Dit is `n gratis diens aan Afrikaanse kunsliefhebbers, veral liefhebbers van die woordkunste. Die lesers noem dit graag ***SKOONASEM VELLETJIES***; daar is geen raampie met LSNV, dus geen ouderdomsbeperking, in een hoek nie. ***VELLETJIES*** strewe na uitnemendheid, nie nivellering nie en verwelkom bydraes, wenke, kritiek, maar sal noodwendig na harde kopie toe moet gaan met dit wat meer as genoemde twee velletjies mag beslaan. Dit sal dan ook elektronies aangekondig word. ***VELLETJIES*** stel graag Afrikaanse skrywers en digters saam met hulle publikasies bekend, ook Afrikaanse organisasies met kultuurbetrokkenheid, en bereik na skatting sowat 22 000 e-pos-adresse. ***VELLETJIES*** is as van opvoedkundige waarde bestempel en kry groen ligte van sommige gesiene Afrikaanse literatore en akademici. Nog niemand het die redaksie oor ***VELLETJIES*** gelooi nie. Almal verwag klaarblyklik eerder dat daar fyn marokynse leer van gemaak sal word vir goudbedrukte bindwerk van dit wat uitnemend is in Afrikaans. Kom neem gerus `n aandeel op. Navrae kan gerig word aan Johann de Jager by **bentakom@absamail.co.za**.

INKOPIES

Kersfees kom nader! Linda skryf: *Extensive lines of gorgeous South African tabletop and giftware items available to order at wholesale price points for businesses at* **www.moloafricaimports.com**. *Site also includes a retail section for smaller purchases. View these stunning handmade product lines online today at* **www.moloafricaimports.com**. *Sourcing for additional unique product lines available.*

EIENDOMSNUUS

Lees meer oor eiendomsake, die jongste nuus oor die nuwe kredietwet en die stygende rentekoers by **www.realty-1.co.za**.

WAT MAG EK INPAK?

Ons herhaal gou weer die basiese reëls vir die terugbring van huishoudelike goedere:

'n Terugkerende Suid-Afrikaanse burger of gesin wat langer as 6 maande van Suid-Afrika weg was, kan alle huishoudelike goedere van die individu of gesin en "tools of the trade" (buiten voertuie, vuurwapens, alkohol en tabakprodukte) doeane- en aksynsvry die land inbring. Al voorwaardes is dat die goedere minstens al 6 maande in julle besit moes wees en nie binne die eerste 6 maande in Suid-Afrika verkoop mag word nie. As julle dalk voertuie, vuurwapens, alkohol en tabakprodukte het wat julle wil saambring, laat ons weet en ons stuur meer inligting oor die toepaslike regulasies.

[Doeane en Aksyns skryf hieroor: In terms of rebate item 407.06 it allows you to bring back the following free of duty: Household furniture, other household effects and other removable articles, including equipment necessary for the exercise of the calling trade or profession of the person other than industrial, commercial or agricultural plants and excluding motor vehicles, alcoholic beverages and tobacco goods, the bona fide property of a natural person (including a returning resident of the republic after an absence of 6 months or more) and members of his or her family, imported for own use on change of his or her residence to the republic: Provided these goods are not disposed of within a period of 6 months from the date of entry.].

Agente wat julle (in Engels asseblief) om kwotasies vir die verhuisingsproses kan nader, is:

- Doug Wiviott, Rainier Overseas Movers, Inc, **doug@rainieros.com**;

- Paul McAvoy, George Baker (Shipping) Ltd, (UK Agents for South African Removals), **paul.mcavoy@georgebakershipping.com** of **paul@southafricanremovals.com**.

OORSIGLYS VIR DIE TERUGKOMS

Fanus Jonck wat ons help met belastingadvies, het 'n oorsiglys aan ons gestuur oor goed wat jy moet doen voor jy na Suid-Afrika terugkeer. Ons plaas vandeesmaand 'n eerste uittreksel uit die lys, met dank aan Fanus. Kontak hom gerus by **tax@jonck.net** met julle belastingnavrae.

Coming home checklist

This list makes the process look rather daunting, but it is worth the effort. Most of these things **have to be done;** they are unavoidable so you would do better to know about it in advance - it will **save** you lots of **time and money**. This list is not exhaustive. It is a collection of **suggestions** from people who have gone through the process you are about to embark on.

Before you leave foreign ground ...

1. Cancel all existing contracts (Mobile phone contracts, Insurance, AA membership, Gym memberships etc.):

- Don't leave owing money! You will be blacklisted. Even if you are *gatvol* of the place now, don't think for a second that you will never go back;
- It is difficult to prove your contract is terminated without the necessary documents, so keep your docs;
- A bill of a thousand pounds sent to SA after a year is not a joke;
- Telephone calls from SA to a foreign country to settle these matters are expensive;
- Find out about cancellation clauses;
- Inform the company that you are leaving the country;
- Settle the contract up front;
- Obtain a written letter of acknowledgement that the contract has been cancelled and settled.

2. Settle local government bills (Electricity, Water, Council tax, Telephone)

- Get your name removed from all bills for your digs;
- Do not leave your digs and let the phone bill stay in your name - even if it is your mate's. They will leave too and just let the next people keep it in your name. I know of too many horror stories!

3. Bank accounts

- **N.B.** For the last four months before you return home, transfer R5000 p/m. into your South African bank account. When you return this will look like a salary (you are self employed). This will save you a lot of trouble trying to get cell phone contracts, credit card accounts etc.;
- If you have foreign investments, it is worth keeping one foreign bank account open (so if you sell an investment, the money can be transferred into it);
- N.B. It is imperative that you have an account that is accessible via the internet as it is far easier to administer;
- Notify the bank that you will be leaving the country;
- Supply the bank with your new contact details;
- Leave a small balance in the account such that they don't close it;
- Ask about service charges and if they are excessive, change the type of account;
- Close all non-essential bank accounts as they are difficult to administer from SA;
- Disputing bank fees is a very expensive telephone call from SA;
- If you have credit cards make sure you cancel any auxiliary services attached to the cards e.g. Card Protection Plan Insurance, monthly subscriptions etc.;

- Cancel with **company concerned** as your bank cannot accept cancellation on their behalf - anything with your name on it is a contract with you not your bank account.

4. Investments

- Obtain a valuation certificate for all your offshore investments on the date of your departure. It is much easier to arrange from there and you need it when you get back to SA;
- Keep a certified copy of share certificates/documents (I left mine with a reputable company and they went bust);
- Inform the assurance companies, stockbrokers, investment advisor, company etc. of your new address in SA - or that of a reliable relative;
- Get your affairs in order as they are difficult to administer from SA;
- If you own property over there, leave it in the hands of a reliable agent (if there is such a thing) who does not rip you off. If you find one let me know so we can all use them;
- Once you are SA tax resident ensure they are not deducting the tax of 10% gross rent as they are apparently obliged to do. Explain to them that you are no longer resident of that country and therefore not liable for the tax. This is complex and differs between countries.

Word vervolg ...

VRAELYS: "THE EXODUS QUESTIONNAIRE FOR OVERSEAS SOUTH AFRICANS"

Pieter de Lange het ons gekontak en gevra of ons kan help met sy navorsing oor Suid-Afrikaanse emigrasie. Hy skryf:

For some time now, there has been a marked exodus of skilled South Africans, to such an extent that it was estimated that in 2000 more than 20% of South Africans with a tertiary education were working abroad. This questionnaire aims to determine what caused South Africans to leave in the first place, how they see themselves living abroad, how they perceive the "new South Africa" and what their futue intentions are. The objective is to publish a book, which will reflect this, so any individual contribution regarding personal experiences or particular viewpoints will be welcome. No ideological agenda or commercial gain is connected to this inforation.

Terloops, Pieter het die eerste keer in 1974 as tandarts in Londen gaan praktiseer. Hy woon ook tans in Engeland. Tot dusver het meer as 200 mense sy vraelys voltooi en hy verwelkom veral diegene wat sommer oor hulle ervarings skryf ook, en nie net by die vrae hou nie. Hy is tans besig met navorsing oor emigrasie by instellings soos byvoorbeeld die Vryemarkstigting, Universiteite van die Vrystaat en Stellenbosch, SA Instituut vir Rasse-aangeleenthede en internasionaal bekende skrywers soos Hermann Giliomee en R.W. Johnson.

As jy bereid is om die vraelys te beantwoord, stuur 'n epos met die onderwerp VRAELYS aan **de_langepieter@hotmail.com**. Alle navrae sal na 10 Julie 2007 beantwoord word.

PROFESSIONELE HULP MET AANPASSING NA EMIGRASIE

In April het ons die wonderlike aanbod van dr. Adriaan du Plessis uit Australië ontvang dat ons sy gids oor migrasie en aanpassing gratis mag versprei. Almal wat die gids elektronies wil ontvang, kan 'n e-pos aan ons stuur by **alana@solidariteit.co.za** met die onderwerp BOEKIE. Ons beklemtoon graag weer dat dit gratis is. Adriaan sê hy is te besig om self met mense te skakel, maar die boekie behoort hulle ten volle te kan help. Nogmaals baie dankie Adriaan!

BELÊ IN EIENDOM IN PRETORIA

Lew Geffen | Sotheby's
INTERNATIONAL REALTY

Capital Hill Apartments
Arcadia, Pretoria

The ultimate luxury apartment living

- Bachelors and one-bedroom units
- 4 Penthouses with panoramic views of the Capital city and private rooftop entertainment areas
- Secure semi-basement parking
- Integrated access control
- State of the art security system
- Upmarket main entrance lobby with security guard counter
- Top quality finishes
- Two blocks from the Union Buildings
- Best locations for 2010 Soccer World Cup rentals
- Asking price: From R490 000

Contact your Property Consultants:

Anneke van der Vyver 082 412 4505 / Neville White 082 854 8977

anneke@sirpretoria.co.za / neville@sirpretoria.co.za

www.sothebysrealty.co.za • www.sothebysrealty.com

Each office is independently owned and operated

OORDENKING

	Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Jesaja 41:10

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het hierdie sinnetjie oral begin verskyn: “Killroy was hier!” Hierdie verklaring is gesien op mure in Duitsland, op geboue in Tokyo, selfs op groot rotse in America. Dit het gelyk of Killroy óral was.

God is nie soos Killroy nie. Hy skryf nie Sy Naam op die mure en rotse van die lewe nie, maar Hy is wel hier; elke dag, elke uur en elke sekonde. Om die nou reeds bekende woorde van oorlede Francis Schaeffer vry te vertaal: “Hy is hier en Hy bly nie stil nie.” Moet nooit God se teenwoordigheid in twyfel trek nie.

Hy is hier by jou op jou persoonlike pelgrimstog. God se onpeilbare gedagtes werk in harmonie met Sy ondeurgrondelike wil sodat alles onder Sy soewereine beheer kan plaasvind.

[UIT: Charles R. Swindoll, *Wysheid vir die weg*, CUM, 2003]

Mooi wense aan almal vir Julie!

Alana & kollegas
AfriForum
[www.komhuistoe.co.za / alana@afriforum.co.za]